SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

SAG #1 netwerk VIR JOU LEWE

'Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking' Jakobus 5:16

# Maandelikse Bybel Bespreking

## Krag van gebed - 'n Stil verhouding

'Te midde van Ierland se ruwe kuslyne, misbedekte heuwels en antieke kloosterruïnes lê daar eeue oue *"quiet places"* – plekke waar monnike en gelowiges reeds in die vyfde en sesde eeu stilte gesoek het. Hierdie *heilige stiltes*, soos te sien by Glendalough op die afgeleë kloosters van Skellig Michael, was toevlugsoorde waar mense hulself onttrek het van die geraas van die wêreld om nader aan God te kom. Hier, waar die wind oor klipkruise fluister, het gebed en stilte die ritme van die lewe bepaal.

Al het eeue verbygegaan, bly die beginsel onveranderd: die siel het plekke nodig waar dit kan rus en herstel. In 'n gejaagde wêreld en lewe is stilte 'n seldsame gawe. Die sielkunde beklemtoon dat rus en stilte stressvlakke verlaag, jou gedagtes herfokus en innerlike balans herstel. Hierdie stil ruimtes – selfs net 'n paar minute per dag – kan 'n mens se veerkragtigheid en kreatiwiteit merkbaar verhoog.

Reformatoriese teoloë het hierdie waarheid verstaan. Johannes Calvyn het gebed die "*hoof-uitoefening van geloof*" genoem, waardeur ons, ons afhanklikheid van God erken en Sy hulp ontvang. Ulrich Zwingli het op sy beurt gesê:

*"Ware gebed is nie blote woorde nie, maar 'n uitroep van die hart wat God se wil soek bo alles."*

Wanneer ons stil word en bid, gebeur daar iets wat die sielkunde nie heeltemal kan verklaar nie – ons word geestelik verbind met die Lewende God. Hierdie af-tyd van eenvoud voor God verander bekommernis in vertroue en bring nuwe energie om die lewe se uitdagings aan te pak.

Vandag, te midde van 'n digitale era vol gejaag en geraas, is hierdie eeue oue wysheid meer relevant as ooit. Karl Barth, een van die 20ste eeu se invloedrykste teoloë, herinner ons:

*"Om te bid is om God ernstig te neem en onsself minder ernstig."*

Soos die Ierse monnike geglo het dat stilte die hart oopmaak vir God se stem, so ontdek ons ook dat sulke *"quiet places"* – al is dit net 'n stil hoekie by die huis – *'n ruimte* skep waar geloof gevoed en innerlike vrede herstel word.
Vir ons gemeente is dit 'n uitnodiging om die somermaande en vankansie-tyd te benut om stil te word, te bid, en God se krag te beleef. Laat hierdie ritme van stilte en gebed jou siel voed, jou psige verfris en jou geloof versterk.

*"Gebed is die sleutel tot die dag en die sluiting van die nag." – Calvyn*

Andrè Harmzen

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Tema vir die Maand

## “Gebed, Geloof en Krag -

## Hoe dit ons Gemeente kan verander”

Jakobus 5:16 verklaar: *“Die gebed van ’n gelowige het ’n kragtige uitwerking.”*
Hierdie waarheid herinner ons dat gebed nie ’n passiewe ritueel is nie, maar ’n dinamiese handeling wat ons geloof voed en God se krag in ons lewens laat werk.

**Gebed** is die gesprek waarin ons ons afhanklikheid van God bely en Sy hulp ontvang. Calvyn het dit beskryf as *“die asemhaling van die siel”*.

**Geloof** is die vertroue waarmee ons bid – dit verwag en ontvang God se beloftes.

**Krag** vloei uit hierdie verhouding – soos Zwingli gesê het,

*“Gebed bring nie God nader aan ons nie, maar bring ons nader aan God, waar Sy krag ons omvorm.”*

Wanneer ’n gemeente saam bid, groei geloof nie net individueel nie, maar ook gemeenskaplik. Die gebede vir siekes, families, kinders en ons bediening self, word kanale waardeur God se krag werk. Karl Barth het gesê:

*“Om te bid, is om ’n revolusie te begin – want in gebed kom die wêreld onder God se heerskappy.”*

Ons is gelowiges wat bid. Ons is ’n gemeente wat bid. Ek nooi jou vandag uit: kom bid saam, groei saam, en beleef hoe die krag van God ons gemeente verander.
Jou gebed maak saak.
Jou gebed maak ’n verskil – meer as wat jy ooit kan dink!

Andrè

## IN HIERDIE UITGAWE

TIENER NAWEKE
TRADISIONELE VINGER ETE
GEMEENTE BRAAI
RESEP VAN DIE MAAND
'N BRIEF AAN ELKE VROU
"SKOON GEWAS, GEES GEVUL"
GEBEDSJOERNAAL
KONTAK ONS

# Tiener Naweke




**Year 7-9 - 5-7 September**

**Year 10-13 - 24-26 Oktober**

'n Kamp waar elke tiener op hulle vlak bedien word .Vier kragtige sessies oor Jesus se liefde en volgelingskap, met lofprysing, kleingroepe en leiers wat saam reis.
Baie speletjies, heerlike kos, Afrikaanse pret en Engelse leer.
Vars betekenisvol en Lewensveranderd.

Koste per kind: £100.00
Year 7-9 - Skryf hier in; Year 10-13- Skryf hier in

Kontak persoon: Katinka Crossman: katinka@sagemeente.com
Waar: Oakwood Youth Camp WaterlooRoad, Bracknell, Wokingham RG40 3DA
'n Paklys sal ontvang word saam met die bevestigings e-pos wat gestuur word, sodra jy bespreek het.
Skryf in vir watter jaar jou kind in sal wees op 1 September 2025

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Tradisionele Vinger Happie Kuier
# 21 September
# Direk na die Erediens



Bring asb 'n bordjie met tradisionele Suid-Afrikaanse vinger happies, om te deel.

Kom proe en deel in die Suid – Afrikaanse 'Onthou happies .....'

Bv uitjies en worsies op stokkies, biltong broodjies, hertzogkoekies,
droë wors, biltong, koeksisters, melktertjies ens

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • AUGUSTUS 2025

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Gemeente braai












PICNIC





SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Gemeente braai
















# Gemeente braai






















BBQ PARTY

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •AUGUSTUS 2025

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Gemeente braai







Friends







BBQ PARTY





SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Resep van die Maand

## Kaaswiele

Wat jy nodig het:

- 1 pak Skilferkorsdeeg (ontdooi)
- 350 ml Cheddar kaas(gerasper)
- 100 ml tamatiesous

Wat om te doen:

- Verhit die oond teen 180 grade.
- Kry 'n gladde oppervlakte reg om op te werk. (kombuistafel, Skinkbord of broodplank)
- Sprinkel 'n bietjie meel op jou oppervlakte om te keer dat die deeg vassit.
- Maak die deeg versigtig oop op jou oppervlakte.
- Meng die tamatiesous en kaas in 'n mengbak.
- Smeer dit eweredig oor jou skilferkorsdeeg.(Moenie te na aan die kante smeer nie.)
- Rol nou die deeg versigtig maar styf op in 'n worsie.
- Onthou om by die lang kante te begin oprol.
- Gebruik 'n skerp mes en sny 1 cm rolletjies.
- Sit die rolletjies op 'n gesmeerde bakplaat.
- Bak teen 180 grade totdat dit goudbruin is.




Baie dankie aan Junay en Hendri Botha (twee van ons Junior kokke), wat hul staatmaker resep met ons gedeel het!

# 'n Brief aan elke Vrou

Erkenning: Facebook

Daar gaan dae wees wanneer jy jou kop gaan laat sak en jou trane op die vloer sien val. Dit gaan pyn, dit gaan ruk aan die dele van jou hart en siel wat die heel kwesbaarste is.

Die dele wat jy gewoonlik vermy en toegebou het. Die dele wat jy die liefste het, en die bangste voor is. Die dele wat liefde dra. Ou liefde, nuwe liefde, verlore liefde.

Daar gaan dae wees wanneer jy jou kroon gaan laat val en nou en dan 'n dag wat jy jou kroon gaan gooi! Jy gaan dae ervaar wanneer mascarra 'n mors van tyd was en jou lipstick op natgehuilde tissues sal beland.

Jy gaan ook dae hê wat jou favourite jeans nie meer gaan pas nie en jou go-to toppie in jou kas 'n back-up lap word. Net omdat seker dinge tydelik is, beteken nie dit was enigsins minder poëties en waardevol nie.

En dan gaan daar 'n dag kom wat jy besef dis okay. Dis okay om nie elke dag alles bymekaar te hê nie. Dis okay om te val. Dis okay om kwaad te wees en pyn te voel en dis okay om vrae te vra. Hierdie dag bring groei vir jou siel. Hierdie dag bring verandering. Karakter. Hierdie dag bring genesing saam met die seer. Hierdie dag bring die vorm van jou hart.

Aanvaar die lewe met al sy goeie dae, al sy slegter dae en al sy in-betweens. 'Embrace the glorious mess that you are!' Of jy dit nou in 'designer heels' doen en of jy twee verskillende sokkies aan het soos ek ... Jy is alles werd! Jy is geluk werd. Jy is liefde werd! Jy is 'n prins werd. Jy is die held in die storie werd! Jy verdien die wêreld! Jy is 'n meesterstuk. Jy is vrou. Jy is nodig. Jy is God se meesterstuk, God se prinses

Hierdie is vir elke mamma en vrou wat in nederigheid die Here dien, mag julle so geseënd wees in Jesus naam..

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# The Man in the Arena

Theodore Roosevelt speaking in 1917

While his "Citizenship in a Republic" address touched on everything from labour to leisure, inequality to innovation, one section of his nearly 9,000-word speech was so powerful and profound as to stand out above all else.

Two simple sentences explaining why all of us need to aspire to be the "Man in the Arena."

"It is not the critic who counts; not the man who points out how the strong man stumbles, or where the doer of deeds could have done them better.

The credit belongs to the man who is actually in the arena, whose face is marred by dust and sweat and blood; who strives valiantly; who errs, who comes short again and again, because there is no effort without error and shortcoming; but who does actually strive to do the deeds; who knows great enthusiasms, the great devotions; who spends himself in a worthy cause; who at the best knows in the end the triumph of high achievement, and who at the worst, if he fails, at least fails while daring greatly, so that his place shall never be with those cold and timid souls who neither know victory nor defeat."

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •AUGUSTUS 2025

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# "Skoon gewas, Gees gevul"

"Oupa," vra die seun "waarom moet 'n mens elke dag Bybel lees, as 'n mens dit nie eers kan onthou nie?" "Voordat ek jou antwoord, bring eers vir my 'n goiingsak vol water uit die spruit agter die huis."

Met die goiingsak probeer die seun water aandra na sy Oupa toe. Een keer. Twee keer. Drie keer. Hier by die vierde keer protesteer hy: "Dit is onmoontlik Oupa! Die water loop uit!"
"Met sy Oupa wysheid vra hy:" Hoe het die sak gelyk toe jy die eerste keer gaan water haal het?"
"Vuil"
Hoe lyk die sak nou?"
"Skoon" Antwoord die Seun.

"Dit is hoekom ons elke dag Bybel lees. Jy hoef nie altyd als te onthou wat jy lees nie, maar wanneer jy Bybel lees gebeur daar iets met jou – jy word skoon."

Met 'n verstaan draai die seun van sy Oupa weg.
"Wag, ek is nie klaar nie." Sê Oupa. "Draai die goiingsak sodat die water uitdrup."
Die vloer word papnat.

"Wanneer jy Bybel lees word dit deel van jou. Die wêreld is dors vir dit wat die Heilige Gees in jou lewe doen. Hoe kan jy vandag vir die mense in jou lewe gee, as jy dit nie vanoggend gekry het toe jy Bybel gelees het nie?""

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •AUGUSTUS 2025

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Gebedsjoernaal

Hierdie joernaal neem jou deur 31 dae van gebed – van waarom ons bid, hoe ons bid, tot hoe God gebede beantwoord. Elke dag bevat 'n tema en skrifriglyn te lei.

## Waarom bid ons?

| Datum | Tema | Lof / Dank | Bid vir | Op My Hart |
|---|---|---|---|---|
| Augustus 1 | God nooi ons om te vra (Matt 7:7) | | | |
| Augustus 2 | Hy belowe om te antwoord (Jer 33:3) | | | |
| Augustus 3 | Hy ken ons behoeftes (Matt 6:8) | | | |
| Augustus 4 | Gebed bring vrede (Fil 4:6) | | | |
| Augustus 5 | Ons moet altyd bid (1 Tess 5:17) | | | |
| Augustus 6 | Hy is naby almal wat Hom aanroep (Ps 145:18) | | | |
| Augustus 7 | Gebed is aanbidding (Ps 27:8) | | | |

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •AUGUSTUS 2025

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## Hoe moet ons bid?

| Datum | Tema | Lof / Dank | Bid vir | Op My Hart |
|---|---|---|---|---|
| Augustus 8 | Met dankbaarheid (Kol 4:2) | | | |
| Augustus 9 | Deur die Gees se hulp (Rom 8:26) | | | |
| Augustus 10 | Met belydenis en genesing (Jak 5:16) | | | |
| Augustus 11 | In stilheid en vertroue (Ps 46:10) | | | |
| Augustus 12 | Met nederigheid (2 Kron 7:14) | | | |
| Augustus 13 | Getrou en gereeld (Rom 12:12) | | | |
| Augustus 14 | In die oggend en aand (Ps 55:17) | | | |
| Augustus 15 | In Jesus se Naam (Joh 14:13) | | | |
| Augustus 16 | Met vas (Hand 14:23) | | | |
| Augustus 17 | Deur ander te vergewe (Mark 11:25) | | | |
| Augustus 18 | Waaksaam (Mark 14:38) | | | |
| Augustus 19 | Moenie moed opgee nie (Luk 18:1) | | | |

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## God antwoord.

| Datum | Tema | Lof / Dank | Bid vir | Op My Hart |
|---|---|---|---|---|
| Augustus 20 | Hy hoor ons roep (Ps 5:2) | | | |
| Augustus 21 | Hy antwoord ons (Jes 65:24) | | | |
| Augustus 22 | Hy red ons (Ps 50:15) | | | |
| Augustus 23 | Hy luister (Ps 66:19) | | | |
| Augustus 24 | Hy is getrou (1 Joh 5:14) | | | |
| Augustus 25 | Jonah se gebed is verhoor (Jona 2:7) | | | |
| Augustus 26 | Jesus het gereeld gebid (Luk 5:16) | | | |
| Augustus 27 | Ons verheug ons in Sy teenwoordigheid (1 Tess 5:16) | | | |
| Augustus 28 | Ons gebede gaan op na God (Ps 18:3) | | | |
| Augustus 29 | Hy antwoord as ons roep (Ps 18:3) | | | |
| Augustus 30 | Ons moet vir mekaar bid (Jak 5:16) | | | |
| Augustus 31 | Deure gaan oop as ons klop (Matt 7:7) | | | |

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • AUGUSTUS 2025

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## KALENDER

3 AUGUSTUS EREDIENS 10 UUR

10 AUGUSTUS HUISKERK 9 UUR

17 AUGUSTUS HUISKERK 9 UUR

24 AUGUSTUS HUISKERK 9 UUR

# Seënbede vir jou....

Mag jou gebede gevul wees met vertroue,
jou woorde met eerlikheid,
en jou stilte met God se fluisteringe.

Mag jy weet dat Hy hoor,
selfs wanneer jy nie weet wat om te sê nie.
Mag jy rus vind in sy teenwoordigheid,
en krag in sy genade.
Amen.

# Kontak Andre Harmzen



**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 1ste en 3de Sondag van die maand om 10:00

**Adres:**
Alderbrookskool.
Blossomfield Road, Solihull, B91 1SN

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG003 na 70191**
**Vir direkte inbetaling:**
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Birmingham
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com**
**met jou naam en wyk. (Birmingham)**

Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com

**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Middellande

# Kontak Helena



Helena Claassen
Epos: helena@sagemeente.com